HESSEQUA Municipality Munisipaliteit
NEWS-LETTER / NUUSBRIEF

Issue / Uitgawe: 12
July / Julie 2012

Boodskap vanaf die Burgemeester/ Message from the Mayor

"HESSEQUA KAN"

Beste Inwoner /
Dear Resident

Ek het 'n wonderlike voorreg gehad om Suid Korea te besoek (geen koste vir die raad). Baie lanklaas het ek so 'n vervullende en inspirerende week beleef. Suid Korea is baie mooi en boomryk en 'n land wat opgebou is deur die deelname van elke inwoner van Suid Korea. Eie mannekrag en harde werk, teen geen betaling nie, het hierdie land binne 'n tydperk van 30-40 jaar verhef tot 'n land wat met die voorste lande meeding en reeds verbygesteek het. Hul bevolking is ongeveer 49 miljoen en hul land se grootte 'n negende van Suid Afrika!

The largest steel factory in the world is situated in South Korea. All steel is imported, whilst land to erect this factory had to be reclaimed from the sea due to lack of other suitable land. To compensate for the carbon footprint two and a half million trees were planted on their premisses.

Die bevredigendste ervaring is om te sien hoe doeltreffend en kwaliteitgedrewe elke projek aangepak en afgehandel word. Die doelgerigtheid van elke inwoner wat een doel nastreef "We do it for Korea!" en alles gee om dit te bereik en, is iets wat my sal bybly en motiveer vir die res van my lewe.

I sincerely trust that in due course, we in Hessequa will be inspired by the commitment of this country and grab every opportunity to endeavour to make a success of our Municipality by all working together for one cause.

Vriendelike groete/
Kind Regards

EMOR NEL
Uitvoerende Burgemeester/
Executive Mayor

HOOFKANTOOR / HEAD OFFICE
Riversdal
Tel: 028 713 8000
Faks: 028 713 3146
info@hessequa.gov.za
www.hessequa.gov.za

STREEKKANTORE / REGIONAL OFFICES

Albertinia
Tel: 028 735 8000
Heidelberg
Tel: 028 722 8100
Stilbaai
Tel: 028 754 6000
Gouritsmond
Tel: 028 745 3129
Slangrivier
Tel: 028 722 2503
Witsand
Tel: 028 537 1627

HESSEQUA TOERISME
Tel: 028 713 7828
www.hessequa.net

Premier Helen Zille's "Better Together" initiative

Premier Helen Zille and members of her cabinet have embarked on an initiative to promote healthy lifestyles by cycling from Plettenberg Bay to Cape Town. The Bicycling Empowerment Network, Cycling South Africa and members of her staff were also represented in the touring party.

The Premier and her team stopped over in Albertinia and Riversdale where bicycles were presented to learners of the Oker Primary, Albertinia High School and Soetmelksrivier Primary School. The touring party was welcomed to Hessequa by the Executive Mayor Councillor Emor Nel, and the Executive Deputy Mayor, Councillor Julian Merkeur. In a gesture of solidarity with the initiative, they joined the cycle tour by cycling the last leg from the railway crossing to the Riversdale Civic Centre.

"The aim of the cycle tour is to promote a healthier lifestyle, and to deliver our "Better Together" message to all residents of the Western Cape province. "Better Together" is all about opportunities and responsibilities. We, as the government, have the duty to provide opportunities for citizens to improve their circumstances and to empower them. Citizens have the responsibility to make use of these opportunities and to make the effort to improve the lives of others," Zille said.

Premier Helen Zille & Executive Mayor Councillor Emor Nel

Hessequa in Suid Korea

Die Uitvoerende Burgemeester, Rdl. Emor Nel, die Munisipale Bestuurder Johan Jacobs en die Bestuurder Water, Riool, Sanitasie en Elektrisiteit Etienne Steyn het teruggekeer vanaf Suid Korea na 'n baie suksesvolle studietoer wat plaasgevind het vanaf 10 tot 16 Junie 2012.

Hessequa Munisipaliteit is uitgenooi deur die Korea "Institute for Development and Strategy" aangesien daar baie belangstelling in Suid Korea is omtrent alternatiewe hulpbronne, veral elektrisiteit, en Hessequa Munisipaliteit erken word as 'n Munisipaliteit wat veral op die energie-doeltreffendheid groot sukses behaal het.

Die besoek was baie suksesvol en gesprekvoering het plaasgevind tussen Hessequa se afvaardiging en belangstellende groepe van Suid Korea omtrent die vestiging van 'n addisionele sonenergie-plaas te Hessequa, moontlike ontsoutingsaanleg asook 'n moontlike vervaardigingsaanleg te Hessequa vir sonpanele (PV panele).

Wat van verdere belang is, is die waardevolle interne skakeling wat met ander lede van die Suid Afrikaanse Afvaardiging ontstaan het aangesien daar verteenwoordigers was vanaf SALGA (South African Local Government Association); SANEDI (South African National Energy Development Institute); Privaatsektor; WESGRO asook Akademici. Van die aspekte wat verder opgevolg word is koolstofkrediet aspekte en lisensiëring van bestaande projekte deur die Departement van Energie, NERSA en verwante instansies.

Besoeke is gebring aan Kori, (die Koreaanse Atoomenergie opwekkingseenheid), netwerkbestuur ("Smart Grid") op Jeju-eiland; sonenergie-aanlegte; die POSCO Staalaanleg; KEPCO (Koreaanse Elektrisiteit Opwekkingsaanleg); die Living Ocean and Coast Expo 2012 te Yeosu asook Jeju-eiland waar die "intelligente"-netwerke (netwerk balansering tussen sonenergie, windenergie en tradisionele bronne) groot belangstelling ontlok het.

Besoeke aan Hessequa deur NASEDI en verskeie Koreaanse groepe sal binnekort begin realiseer. Die eerste gesprek met Nasedi vind reeds plaas op 6 Julie te Riversdal.

Van die algemeenste aspekte wat opgeval het is die werkywer deur die Suid Koreane en die ontwikkeling wat plaasgevind het om van Suid Korea vandag 'n uiters skoon en netjiese land te maak waar elkeen verantwoordelikheid aanvaar om Suid Korea op te bou. Die netheid van strate, vergroening en puik infrastruktuur is tekens van 'n land wat 'n wêreld-leier geword het.

YOUR VOICE IN PARADISE
EDEN fm
Wednesday
17:00 - 18:00

Dyan Buis Selected For The South African Paralympic Team

SASCOC, the governing sport body in South Africa, have selected 62 athletes who will represent the country at the London Paralympic Games later this year. Dyan Buis from Riversdale has been selected to the squad, and he will be participating in the F28 long jump and T38 100 and 200 meter events.

Dyan had this to say about his inclusion in the national team: " Firstly, I would like to thank Hessequa Municipality for their support and financial contribution that has aided my success. My dreams became reality when I was officially selected as part of the Paralympic team. As the first athlete from Riversdale who will participate in the Paralympic Games, it gives me great pleasure to be an ambassador. I must also acknowledge my Heavenly Father who has blessed me with this talent, and who has made this opportunity possible. A lot of hard work lies ahead, but I am sure everything will go well."

Outstanding performances by Dyan Buis are:

- *SA record holder in the 100m, 200m and long jump in the T 28 and T38 classes.*
- *3 gold medals at the Sharjah World Games*
- *Unofficial world record in the F38 long jump with a distance of 6.57meters*
- *Unofficial Africa record in the T38 200m with a time of 22.64 seconds*

Hessequa a finalist in the 2012 Arbor City Awards

The Department of Agriculture, Forestry and Fisheries (DAFF) in partnership with the Institute for Environment and Recreational Management is hosting the Arbor City Awards Competition. The main objective of the competition is to encourage Municipalities to undertake greening initiatives in their areas.

Hessequa Municipality has been shortlisted to take part in the final round of this competition and will undergo an adjudication on 05 July 2012.

Municipal Cashier Hours

Monday:	08:00 - 13:00
	13:30 - 15:30
Tuesday :	08:00 - 13:00
	13:30 - 15:30
Wednesday:	**08:15** - 13:00
	13:30 - 15:30
Thursday:	08:00 - 13:00
	13:30 - 15:30
Friday:	08:00 - 13:00
	13:30 - **14:30**